In die aanloop tot Geesvervuld
28 Julie 2024
Ds. Teodor van der Spuy

teodor@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Dit is nie nodig om al die vrae te hanteer nie.

1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.

Sondag was ‘n merkwaardige dag in Moreleta Kerk se geskiedenis toe ons Geesvervuld bekendgestel het aan die gemeente. Dis ‘n Moreleta Kerk unieke uitdrukking van wat ons glo die essensie totChristenskap is. Elkeen van ons het ‘n Godgegewe verantwoordelikheid om te probeer verstaan wat dit is wat God deur Sy Gees in ons lewens wil kom doen.

Het jy al ooit Purpose Driven Life van Rick Warren gelees? Wat kan jy onthou van die boek?

Die rede hoekom hierdie boek so ‘n weghol-sukses was het te make met die belangrike vraag wat dit probeer beantwoord het: What on earth am I here for?
Dit is ‘n vraag wat ons elkeen graag wil beantwoord êrens ons lewens.

Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **1 Timoteus 4:14**

Een persoon lees die gedeelte.
'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie ‘n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net ‘n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. **Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?**
   (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. **Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?**
   (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in ‘n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. **‘n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?**

In die aanloop tot Geesvervuld
28 Julie 2024
Ds. Teodor van der Spuy

Gesels saam

Timoteus is bes mootnlik moedeloos en uitgeput. Die werk in een van die grootste gemeentes in die vroee kerk het sy tol geeis op Timoteus. Pualus is besig om in hierdie brie whom weer goeie moed in te praat.

1. Hoe motiveer Paulus vir Timoteus?
2. Verwys die vertaling wat jy gelees het na gawes of 'n gawe wat Timoteus otnvang het.

Roeping: By hierdie geleentheid asook in sy tweede brief aan Timoteus gebeur dit Paulus hom herinner aan sy roeping. 2 Tim 1:6. Dit blyk uit Paulus se motivering aan die jonger man wat hy mentor dat roeping 'n drywer is in ons eie verstaan van wat God deur my lewe wilk om doen?

Het jy al erens 'n spesifieke roeping beleef in jou wandel saam met God? Deel dit met die groep.

Kan jy met vrymoedigheid se dat jy op die oomblik besig om hierdie roeping uit te leef?

Doen saam

Gehoorsaamheid - 20min

God wil jou verbind met 'n roeping.
Wanneer ons Jesus kies en Hom bely as ons persoonlike slagmaker en verlosser dan wil Hy deur sy Gees 'n roeping oor jou lewe kom vasmaak. Jesus het dit so gekies dat normale mense soos ek en jy sal funksioneer as die lede van die liggaam van Christus. Die ontdekking dat God se Gees in en deur my lewe wilk om werk met 'nspesifieke gawe of met menigde gawes is baie opwindend en moet persoonlik ondersoek word. Ons wil vir jou so 'n geleentheid skep om dit te doen.

Volgende stappe om my roeping vas te maak of weer te bevestig.

Geesvervuld - Die kursus
Ons wil jou en jou kring uitnooi om saam met ons die skatte van die Heilige Gees te kom ontdek soos wat die Here dit oor die laaste 39 jaar vir Moreleta Kerk kom openbaar het.
Vir vier weke gaan die hele gemeente se kringe saam bymekaarkom en die werking van die Gees ontdek asook jou skeppingsdoel.

Maak seker jy neem deel.

Wat sê die Woord moet ek gaan doen hierdie week?
Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Bid saam

Gees van God ek kies om nuut te dink oor die feit dat u 'n roeping oor my lewe gespreek het. Here ek is baie keer bang ek mis dit wat U deur my lewe wil kom doen. Ek bid dat U deur U gees ook aan my sal kom openbaar wat dit is wat U van my verwag terwyl ek leef en werk hier op planeet aarde.

Prakties. Maak seker die hele kring registereer vir Geesvervuld.